Wilson Center Digital Archive
International History Declassified
digitalarchive.wilsoncenter.org

# September 12, 1973

# R.J. Montgomery, South African Ambassador, Lisbon, to Sekretaris van Buitelandse Sake, 'Besoek aan Angola en Mosambiek: Augustus 1973'

## Citation:

"R.J. Montgomery, South African Ambassador, Lisbon, to Sekretaris van Buitelandse Sake, 'Besoek aan Angola en Mosambiek: Augustus 1973'", September 12, 1973, Wilson Center Digital Archive, Angola: Political Situation and Developments, 16, 1/22/1 OS, South African Department of Foreign Affairs Archives. Obtained by Jamie Miller.
https://digitalarchive.umd.edu/document/134623

## Original Language:

Afrikaans

## Contents:

Original Scan

Wilson Center Digital Archive Original Scan

8/6
8/6/1
8/6/2

L I S S A B O N
12 September 1973.

**VERTROULIK**

(In drievoud)

Die Sekretaris van Buitelandse Sake,
P R E T O R I A.

Besoek aan Angola en Mosambiek: Augustus 1973.

1. In u ampsbrief 4/1/19 van 25 Januarie 1973 is goedgekeur dat ek 'n uitnodiging van die Portugese Buitelandse Minister aanvaar om Angola en Mosambiek as gas van die Portugese Regering te besoek. My ampsbrief 8/6 van 9 Augustus 1973 het besonderhede verstrek soos deur u verlang en 'n verlofvorm is reeds ingedien vir die vyf dae privaatverlof wat na afloop van die amptelike besoeke in die Republiek deurgebring is.

2. Dit is slegs my bedoeling om kortliks my indrukke van die toestand in beide gebiede op skrif te stel, deels bevestigend van die feite reeds mondelings op 28 Augustus aan u meegedeel en deels aanvullend by die volledige en uitstekende verslae wat u van beide van ons Konsuls-generaal reeds op lêer het. Die Departement van Verdediging beskik andersyds oor gedetailleerde verslae van die Militêre Attaché van hierdie Ambassade oor die stappe geneem deur die Portugese militêre owerhede om die terroriste aanvalle die hoof te bied opgestel na sy eie onlangse besoek aan Angola.

3. Angola. Beleefdheidsbesoeke by die Goewerneur-generaal en die Generaal is gevolg deur 'n formele dinee met die Goewerneur-generaal as gasheer en waar alle beskikbare lede van sy plaaslike regering aanwesig was. Die nodige toesprake is gelewer en ek het ook voldoende geleentheid gehad om met hom privaat te gesels. Die heer Santos e Castro aan wie se veelvuldige projekte as burgemeester van Lissabon nog steeds gewerk word, skep die indruk dat hy 'n ewe energieke Goewerneur-generaal is en daar blyk waardering te wees vir sy deursettingsvermoë.

Die Konsul-generaal en mev. Malone het 'n skemerkelk aangebied waar ons die geleentheid gehad het om 'n groot aantal Suid-Afrikaners asook Portugese te ontmoet. Die openlike vriendelike gesindheid teenoor Suid-Afrika wat daar op hierdie geleentheid en op talle geleenthede daarna op ons gesamentlike reis deur Angola by

Bêe

26/9

Portugese/.....

Wilson Center Digital Archive Original Scan



Portugese van alle range en stande ondervind is, getuig sterk vir die uitstekende taak en menseverhoudinge wat deur mnr. en mev. Malone in Angola verrig en beoefen word.

Vir die reis na Cabinda en Carmona in die noorde, en Nova Lisboa, Mocamedes, Iona, Sa de Bandeira en Lobito in die middel en suid-weste het die regering 'n twee-motorige huurvliegtuig tot ons beskikking gestel. Vir die tydperk van aankoms tot vertrek uit Angola was die Goewerneur van die Cuando-Cubango distrik (hoofstad Serpa Pinto) en sy vrou steeds ons gidse en begeleiers.

Aan die begin van die oorlog in Angola was Cabinda 'n sentrum van groot terroriste aktiwiteit. Dit is ook logies want dit is 'n losstaande gebied wat noord van die Kongorivier deur die Kongo (Brazzaville is slegs 395 Km. van die noordelike grens af) en Zaire omring word. Maar in Afrika is niks noodwendig logies nie want sodra Gulf Oil die oliebronne aan die kus by die hoofstad Cabinda ontdek het het die aanvalle bedaar. Dit is waar dat die Portugese goeie verhoudinge met Mobuto opgebou het wat, ten spyte van sy vlerksleep met die kommuniste, volgens hulle my ter plaatse meegedeel het tot dusver onverstoord bly. Ander beweer dat die magtige olie-baronne die vyandaggesinde bure eenvoudig omgekoop het.Feit is dat die oliebronne met rus gelaat word, en daar is nou sowat 160 boorgate waaruit ru-olie gepomp word en 'n uiters belangrike bron van inkomste vir Angola daarstel. Die Goewerneur en sy vrou en plaaslike bevolking gaan ontspanne hulle gang sonder gewapende begeleide of skynbaar enige vrees. Die sekuriteitsvoorsorg, sover ek kon waarneem is minimaal en die toestand so veilig dat selfs Suid-Afrikaners heelpad daar kom vakansiehou en karre kom gereeld oor van die Kongo om inkopies te doen in die soort van vryhawe wat daar bestaan.

Carmona is die hoofstad van die distrik Uige wat aan Zaire grens en per pad op sy kortste slegs 310 Km. van Kinshasa geleë is. Hier is aan ons die dorpie Quitexe gewys waar die terrorisme onverhoeds soos 'n bom oor die plaaslike bevolking losgebars het in 1961 en hulle by die derduisende gedood is - die kerkie waarin vele honderde hulle toevlug geneem het en eenvoudig afgemaai is staan nog daar. Hier vind 'n mens dan ook grootskaalse militêre voorsorg en terrorisme aktiwiteite in hierdie distrik is ongetwyfeld die kwaaiste van die hele Angola. Ten spyte hiervan is die sosial-ekonomiese ontwikkeling, die oprigting van aldeiamentos, mediese en opleidingsvoorsiening so intensief as in die nie-geteisterde distrikte van Angola. Koffieproduksie speel 'n groot rol in die ekonomie van hierdie distrik maar algemene landbounavorsing en opleiding van die plaaslike bevolking in landboutegnieke is bewonderingswaardig. Daar heers tewens geen atmosfeer van vrees of defaitisme nie. Die sogenaamde Spesiale Troepe bestaan uitsluitlik uit voormalige terroriste.

Wilson Center Digital Archive  Original Scan

Nova Lisboa in die middel van die land is die hoofstad van die mees welvarende en bronrykste distrik van Angola, by name Huambo. Daar is 'n sterk beweging aan die gang om dit die hoofstad van Angola te maak en etlike Goewerneurs met wie ek gepraat het voel dat dit 'n logiese en wys stap sou wees en dat Luanda in ieder geval 'n belangrike hawestad sal bly en nie veel sou verloor nie. Die ongelooflike ontwikkeling in en om Nova Lisboa en die gees van vooruitgang en oorweldigende optimisme rym eenvoudig nie met die konsep in die buite-wêreld dat Angola in 'n stryd om lewe en dood gewikkel is en sy ondergang (as 'n Portugese gebied) slegs 'n kwessie van tyd is nie.

Lobito in die Benguela-distrik is eweneens ver verwyderd van enige teken van oorlog en die hawe hanteer 'n groter volume goedere as Luanda - bewys van Zambië se afhanklikheid van die Benguela-spoorweg wat daar begin.

Die aantreklike hawestadjie, Mocâmedes, is ook die tuiste van 'n ysterertshawe wat in laaivermoë die derde grootste in die wêreld is. Sy pragtige wit en veelkleurige marmertipes word soms deur Italiaanse invoerders die wêreld ingestuur as puik Italiaanse marmer. Die Iona wildtuin wat in die suide tot aan die Kunene strek het dieselfde grootse aantreklikheid as die Namib Kaokoveld bergwoestyngebied ten suide van die Kunene, volledig met talle welwitchias en selfs met enkele Ovahimbas.

Ons vliegtuigie is leeg van Mocâmedes na Sa da Bandeira, die hoogliggende hoofstad van Huila, om ons die geleentheid te bied om per kar met die skouspelagtige-bergpad wat byna voltooi is, te reis. Sa da Bandeira is 'n geliefkoosde vakansieoord vir die inwoners van Suid-wes en daar het ons die burgemeester en etlike vooraanstaande burgers van Windhoek getref en kon vir die eerste keer weer Afrikaans praat. Hier ook geen teken van terroriste of merkbare bewustheid dat dele van die staat wel deur hierdie plaag geteister word nie.

OPSOMMEND.

Die oorweldigende indruk van Angola is sy gees van optimisme en positiewe benadering. Die een distrik kompeteer met die ander op die gebied van sneller ontwikkeling, die lewering van sosiale en ekonomiese dienste en in die skepping van geleenthede vir die inheemse bevolking. Ek meen dat die kaliber en toewyding van die plaaslike goewerneurs tot 'n groot mate hiervoor verantwoordelik is. Alhoewel dunner bevolkte en minder welvarende distrikte soos Lunda, Moxico, Cunene en Cuando-Cubango nie besoek kon word nie het die Goewerneur van laasgenoemde wat ons vergesel het my duidelik te kenne gegee dat die moreel daar ewe hoog is en dat die MPLA in die suide tans selfs minder sukses behaal as die FNLA in die noorde.

Wilson Center Digital Archive Original Scan


Waar Angola miskien reeds sterk genoeg is om op eie bene te staan is ek oortuig dat dit dan slegs as 'n sterk pro-Portugese staat sal wees. Hiervan is daar op die oomblik egter geen sprake nie.

MOSAMBIEK.

Aangesien die Goewerneur-generaal tydens ons besoek afwesig was in Lissabon is daar in Mosambiek geen amptelike formele eetmaal aangebied nie hoewel die gebruiklike beleefdheidsbesoek by die Sekretaris-generaal (sy plaasvervanger) afgelê is. Die program is deur die Direkteur van Inligting (C.I.T.) in oorleg met my uitgewerk en in Lourenço Marques het hy as gasheer opgetree terwyl sy verteenwoordigers ons van punte soos Beira en Nampula vergesel het. Slegs in Tete was ons by die plaaslike goewerneurspaar tuis - in opdrag van die Goewerneur-generaal soos ons later uit betroubare bron verneem het. Die Konsul-generaal kon ons as gevolg van sy stafposisie nie vergesel nie maar hy en mev. Vorster het ons met groot gasvryheid 'n skemerkelk-party aangebied waar baie ou vriende weer ontmoet kon word.

Waar gewapende terrorisme in Angola 'n bykomende lastigheid is en as sulks beperk tot sekere distrikte, gewaar 'n mens gou dat dit die middelpunt van die bekommernisse uitmaak in Mosambiek. Die deursnee inwoner van Lourenço Marques, self ver verwyderd van die oorlogsterrein, is geneig om bitter te kla oor die ontberinge (soos 'n tekort van wyn) wat dit meebring. In teenstelling met Angola meen ek kan 'n ietwat negatiewe benadering aangevoel word.

Persoonlik het ek drie afsonderlike voorligtingsessies oor die sekuriteitsposisie in Mosambiek meegemaak waaroor kortliks die volgende kommentaar. Mnr. Ramires Ramos, is hoof veiligheidsadviseur van die Goewerneur-generaal en die bevelvoerende Generaal en staan aan bewind van die "Servicos Centralizacão e Coordenacão de Informacão" in Lourenço Marques waar alle militêre en nie-militêre inligting gekoördineer word. In 'n lang gesprek met hom het hy toegegee dat die terroriste in die noord-ooste 'n gebied wat rofweg 250 Km. van die Rovuma-rivier suid strek grootliks onder beheer het. Dit is egter geensins 'n "bevryde gebied" nie aangesien die leër sterkpunte op die rivier asook in die dorpe bv., Mueda handhaaf al sou dit ook onder uiterse druk wees. Hulle patrollies en geleide konvooie dring deur die gebied. Hy sou nie wil ontken dat die terroriste op plekke wel op beperkte skaal onderwys aan die plaaslike bevolking kan voorsien of hutte sou gebruik om mediese dienste te verskaf nie en op grond hiervan na buite praat van skole en hospitale wat daar sou gevestig wees. Hy skat dat daar sowat 3,500 gewapende terroriste in hierdie gebied is wat die steun

Wilson Center Digital Archive  Original Scan

word geskat is daar 'n verdere 3,000 gewapende terroriste gesteun deur 'n aansienlike aantal van die plaaslike bevolking. Ramos verduidelik dat die deurdringing van klein groepies soos dié wat onlangs in die Gorongosa wildtuin opgetree het of insidente veroorsaak het so ver suid as naby Vila Pery bykans onvermydelik is. Die konsolidasie van aldeamentos in die Tete gebied vorder egter vinnig en hulle hoop om die agterstand in hierdie verband teenoor ander distrikte in te haal. Sy opsomming van die situasie in Mosambiek as geheel is egter dat die veiligheidsmagte dit kan beheer en dat daar asnog geen rede vir alarm is nie.

Die militêre senu-senter van Mosambiek is tans Nampula. Daar is ook die hoofkwartier gesetel van sy opperbevelhebber. Ek het gen. Machado die opvolger van gen. Kaulza de Arriaga daar besoek en hy het openlik erken dat die veiligheidsmagte onder aansienlike druk verkeer. Hy het egter pas daar aangekom en is juis besig om die situasie te verken en kon op hierdie tydstip nie te veel daaroor sê nie. Etlike van sy senior offisiere wat ek ontmoet het, het ook erken dat hulle pas op die toneel verskyn het. Op die oog af lyk hierdie grootskaalse verandering nie te gesond nie maar sekere kenners van die probleme verwelkom dit aangesien dit erken word dat hy 'n gedugte span saamgestel het al sou hy self die indruk skep dat hy miskien nie hard en taai genoeg vir hierdie taak is nie. Tenminste twee Goewerneurs in Angola wat generaal Machado daar geken het koester 'n hoë dunk van sy kapasiteit en meen dat hy resultate in Mosambiek sal behaal.

In die operasiekamer in Nampula is ek in opdrag van die generaal 'n oorsig gegee van die militêre toestand en die twee kolonelle wat die ontleding gedoen het was aansienlik meer swartgallig as die half-propagandistiese benadering van Ramires Ramos. Hulle was veral begaan oor die sukses wat die terroriste by die plaaslike bevolking ten suide van die Zambesi behaal en skep die indruk dat hulle nie met die beskikbare mannekrag en wapens sal kan verhoed dat hierdie indringing gekonsolideer word of om die verdere vordering na die strategiese Beira-Vila Pery - Umtali pad te voorkom nie. Die opsomming was so onrusbarend dat ek dieselfde aand met kol. Lombaard (Suid-Afrikaanse skakel offisier in Nampula) probeer nagaan het of daar nie opsetlike oordrywing was om my te beweeg om ons regering voor te berei op 'n versoek vir dringende hulpverlening nie. Die basiese feite het egter gestrook met wat hy reeds ontvang en deurgestuur het.

Die derde voorligtingsessie, en die was spesifiek oor die Tete gebied (Z.O.T.), het by militêre hoofkwartiere in Tete self plaasgevind. Hier is die paniekvlammetjie in Nampula aangesteek gelukkig aansienlik in perspektief gestel en gedoof. Eerstens

Wilson Center Digital Archive Original Scan



blyk die verdedigingspatroon van Cabora-Bassa tot dusver volkome effektief te wees en tweedens, hoewel toegegee word dat die indringing ten suide van die Sambesi die eerste deel van die pad in 'n suiwer suidelike rigting waarlangs die kragkabels gaan voer taamlik kwesbaar sal maak dit in 'n oostelike rigting swenk en deur 'n streek sal gaan waar die hoofmanne en plaaslike bevolking die regering almal vriendelik gesind is. Een van die leiers van Frelimo wat onlangs oorgeloop het, het erken dat hulle voorhoede en propagandiste hier geen hond kon haaraf maak nie. Ook word erken dat die voorhoede van die terroriste tot gevaarlik naby strategiese weë in die rigting van Vila Pery deurgedring het maar hierdie offisiere is optimisties dat verdere indringing aansienlik bemoeilik kan word. Aan my is uit 'n ander bron meegedeel dat daar in 'n groot magsvertoon na die laaste voorvalle sowat 8,000 troepe deur die gebied van die Gorongosa-wildtuin gestuur is en stappe is gedoen om die lojaliteit van die plaaslike bevolking te probeer verkry. Terwyl ek by militêre hoofkwartiere was het my dogter met die vrou van die goewerneur hospitale in Tete besoek waar ook Suid-Afrikaanse vrywilliger verpleegsters uitmuntende werk verrig. Sy was ontstel deur die talle bewyse van gewetelose wreedheid van die terroriste wat myne en granate in die naturelledorpies plaas en vroue en kinders aaklig vermink. Dit is 'n genadelose oorlog en hierdie moet in gedagte gehou word as die wêreldpers van Portugese wreedhede skrywe.

Ons inligtingsbegeleier in die noorde is terloops die jong man wat talle internasionale joernaliste (sowat 30) en politici uit Suid-Amerika en elders vergesel het in hulle soektog na bewyse van die sogenaamde Wiriyamu moorde en te oordeel aan sy eerstehandse weergawe sou baie van hierdie mense tot belaglike uiterstes gegaan het om bewyse te probeer vind of te fabriseer. Die feit dat nie 'n enkele van hulle oortuigende resultate kon toon nie versterk slegs die moontlikheid van 'n duister komplot. Ons eie ondervinding van die priesters is 'n filosofie van „die doel heilig die middele".

Die CIT in Mosambiek was egter in 'n moeilike posisie geplaas deur die ontkenning in Portugal dat 'n plek met so'n naam inderdaad bestaan. Met inagneming van verskillende spellings van naturele-name was daar wel so'n statjie van enkele families wat in gemeen met ander soortgelyke statjies se inwoners in die aldeiamentos saamgetrek is. Die Portugese gee egter toe dat waar op 'n terroriste-nes in 'n statjie afgekom word en wedersyds geskiet word die resultate ook vir onskuldige inwoners fataal kan wees.

Aan die positiewe kant kan ek bevestig dat die oorgrote meerderheid van die troepe, veral die blankes, besig is met die psigo-sosiale sy van die oorlog. Hulle help met opleiding vir die bou van huise (baie Portugese soldate is beroepsbouers), met onderrig in beter landboumetodes

(baie/....

Wilson Center Digital Archive Original Scan

(baie Portugese is ook boere en leer self onge[illegible] veel van die beroepsafrigters wat hier en in Angola beskikbaar gestel word); met algemene onderwys en die aanleer van basiese higiene. Daar is 'n sekere mededinging onder die regimente in Mosambiek om vlugteling-weeskinders wat in die veld aangetref word aan te neem. Elke lid van die regiment, van die uiters swak-besoldigde manskap tot die bevelvoerder, maak gereelde kontribusies tot 'n fonds wat in trust gehou word vir so'n kind se toekomstige opvoeding (moontlik in Portugal self) waarby die owerhede glo saamwerk). Ons het so'n seuntjie in Mosambiek-eiland teengekom en het besef dat dit die gewone soldaat help om uiting te kan gee aan sy huislike instinkte en gehegdheid. Met hierdie nuwe verwikkeling het die owerhede opgemerk dat die vorige gebruik dat elke manskap ape, pappegaaie of ander troeteldiere saamsleep sterk aan afneem is.

<u>Cabora Bassa.</u> Die mees positiewe ondervinding in Mosambiek was ongetwyfeld ons besoek aan Cabora Bassa.

Die damprojek self, soos u bewus is, is 'n skitterende tegniese prestasie en die vlot verloop van die konstruksie is 'n monument vir Portugees-Suid-Afrikaanse samewerking in die persone van Engº Bram Oliveira , hoof van die projek en die administratiewe bestuurder, mnr. Chambers. Die inwoners van die goed versorgde dam-bouersdorp, Songo, met Suid-Afrikaanse, Portugese, Franse en Duitse skole staan oenskynlik heeltemal onverskillig teenoor die terroriste-bedreiging maar die feit dat hulle binne 'n veiligheidsgordel geïsoleerd moet lewe het ongetwyfeld 'n sielkundige uitwerking op hulle. Soveel te meer moet 'n mens die resultate van mnre. Bram en Chambers bewonder.

Dan is daar die ander sy van Cabora Bassa. In hoeverre het die Portugese die toekomstige ontwikkeling van die Sambesi-vallei beplan? In Tete het ek omvattende sketsplanne, ryklik geïllustreer met statistieke en grafieke, gesien vir eerstens die hervestiging van die plaaslike inwoners (en wild) wie se woongebied deur die opdamming van die rivier oorstroom sal word. Deur die tans ylbewoonde streke met meer kompakte en wetenskaplike georganiseerde landbougemeenskappe te bevolk word beraam dat die hervestiging die Staat ongeveer Esc.8000 (± R240) per kop sal kos. Riviertransport, wat reeds in 'n gevorderde beplanningstadium is, sal 'n belangrike rol speel in die minerale ontginning van die streek waarvan omvattende opnames reeds gemaak is. Die ontginning van steenkool (wat reeds intensief gemyn(word net buite Tete), fluoriet en ystererts, om net die belangrikste te noem, sal 'n toenemende rol speel in die toekomstige ontwikkeling langs die hele lengte van die rivier. Daar is geen teken dat spesiale maatreëls getref word om die miljoen (of enige) blanke setlaars in die Sambesie-vallei te ontvang soos deur internasionale propaganda uitbasuin word nie .

Wilson Center Digital Archive Original Scan



Die stad Beira ten spyte van Britse belemmering van handel met Rhodesië toon groot vooruitgang sedert ek dit sowat 10 jaar gelede laaste besoek het. Toe ek reeds die opening daar van 'n beroepskonsulaat bepleit en die onlangse verwerkliking hiervan sal juis in die lig van die Cabora Bassa ontwikkelinge, vir Suid-Afrika in belangrikheid toeneem. Die nuwe Konsul en sy vrou het reeds in Beira hul merk gemaak deels omdat daar 'n groot behoefte aan so'n kantoor was maar deels ook weëns die gelukkige keuse van ons verteenwoordigers. Ek mag meld dat ons geleentheid gebied is om tydens 'n klein ontvangs deur die Inligtings-departement gereël, 'n aantal vooraanstaande burgers van Beira te ontmoet.

**ALGEMEEN.**

1. Waar die hoërklas Portugees - meesal gebasseer op 'n kombinasie van familie of militêre agtergrond en universiteitsopvoeding - gewis 'n klasseverskil handhaaf wat in die praktyk dikwels ook op rasseafsondering neerkom is daar vandag geen rassediskriminasie in die administrasie van hierdie twee gebiedsdele te bespeur nie. In die verlede het hulle bekend gestaan as "harde base" maar my indruk is dat hulle nou besef dat tensy hulle 'n vriend van die inheemse inwoner kan maak, hulle toekoms in Afrika onseker is. Sonder uitsondering het ek gevind dat die goewerneurs en blanke amptenare met wie ons voortdurend tussen die plaaslike bevolking beweeg het ontspanne vriendelike verhoudings met hulle gehandhaaf het en my indruk is dat hierdie mense indien hulle nie van buite geïntimideer word nie daadwerklik die bestaande bewind steun.

2. Aan die militêre kant is ek bewus dat een van ons bedenkings in Suid-Afrika nog altyd was oor die Portugese soldaat wat geen belang in Afrika het nie en net graag met 'n heel vel sal wil terugkeer. Hulle bestaan nog maar na ek verneem bestaan die troepe tans oor die gemiddeld uit 60% plaaslik gewerfdes en beter resultate kan moontlik verwag word. Die inheemse gewerfdes is terdeë bewus van die terroriste se wreedheid, soos dikwels teenoor eie familielede gepleeg word en hulle veg dus dikwels vir die behoud van hulle eie huise. Boonop het hulle 'n beter plaaslike kennis en is beter bestand teen plaaslike siektes.

3. Indien die Portugese Regering se beleid van uitnodigings aan Ambassadeurs in Lissabon gesetel om Angola en Mosambiek te besoek in die toekoms voortgesit word sou

Wilson Center Digital Archive Original Scan



ek sonder te aarsel aanbeveel dat my opvolger hier dit aanvaar. Aangeleenthede wat Angola en Mosambiek raak kom dikwels ook tereg in Lissabon en persoonlike kennis en aktuele kontak is van onskatbare waarde. Aanvaarding rym ook met ons beleid van nie immenging in die huishoudelike sake van ander lande nie aangesien Angola en Mosambiek as integrale dele van Portugal beskou word.

Afskrifte aan Luanda en Lourenço Marques.

R. J. MONTGOMERY

AMBASSADEUR.